2 November 2026

Geagte Ouers

OMSENDSKRYWE - FINANSIES: BEGROTING 2027

Die begroting vir 2027 is op Donderdag, 29 Oktober 2026 aanvaar. Gemelde begroting is dus gewettig en bindend en op alle betrokkenes van toepassing.

Alhoewel die begroting aanvaar is, word daar gepoog om besparings te bewerkstellig. Gemelde word in belang van die ouers beoog, in die lig van die huidige ekonomiese klimaat.

Die gehalte en standaard van opvoeding en onderrig mag egter nie deur beoogde besparings benadeel of ingekort word nie.

1. ***Finansiële komitee***

Voorsitter van Skoolbeheerliggaam	: C. Hendrikse
Skoolhoof	: E.F. Coetzee
Tesourier	: R. van Schalkwyk
Begrotingsbestuur	: T. Coetzee (Akademie Gr. 4-7)
	: N. van der Walt (Kultuur)
	R. Nel (Sport / Leerders /Personeel)
	C. Donaldson (Gr. R-3)
Snr. Administratiewe Beampte	: B. de Beer
Debiteureklerk	: L. Bruce
Geregistreerde ouditeurs	: Boshoff Visser Ingelyf

2. **KERNBESLUITE**
Skoolfonds vir Gr. R - 7

**** R18 400-00 per jaar, per leerder (R1840 per maand oor 10 maande, Februarie – November) word in die vooruitsig gestel.***
** Tans R17 200.00 per jaar, R1720 p.m. oor 10 maande Februarie – November.*
**** Dus, 'n toename van ± 6,97% in onderriggeld.***
**** Onderriggeld word op elke leerder van 'n biologiese gesin gehef.***
**** Daar word 7,5% afslag op die totale onderriggeld toegestaan wat voor/op 28 Februarie 2027 betaal word.***
**** Onderriggelde is vooruitbetaalbaar en moet in gelyke paaiemente maandeliks voor of op die 7de van elke maande betaal word.***
**** Wanbetalers sal met onmiddellike effek oorhandig word aan die skool se invorderaars met ekstra kostes.***

Let wel : Toere en uitstappies word nie by die onderriggeld ingesluit nie. Gemelde word deur ouers gefinansier wanneer dit benodig word.

Epos: admin@brackies.co.za
Kerkstraat, BRACKENFELL
Tel: 021 981 2147/8 Fax: 021 981 0057
www.brackies.co.za

Email: admin@brackies.co.za
Kerk Street, BRACKENFELL
Tel: 021 981 2147/8 Fax: 021 981 0057
www.brackies.co.za

3. ***<u>Kwytskelding en afslag</u>***

Volledige of gedeeltelike kwytskelding word op meriete en volgens departementele voorskrifte hanteer. **Aansoeke moet egter voor of op 28 Februarie 2027 gedoen word. 'n Gebrek aan inkomste wat deur die loop van die jaar in kwytskelding van fooie kan manifesteer, sal op meriete hanteer word.** Alle formules vir die berekening daarvan is by die finansiële kantoor beskikbaar. Aansoekvorms is by die skool beskikbaar. Alle kwytskeldings moet aan departementele regulasies en ordonnansies voldoen**.**

Ouers moet daarop let dat, indien hulle in gebreke bly om onderriggeld sonder formele en/of amptelike kennisgewing te vereffen, hulle summier aan prokureurs/invorderaars oorhandig sal word. Alle kostes in dié verband sal van die ouers verhaal word.

Die goedgekeurde begroting is ter insae (per afspraak alleenlik) te Laerskool Brackenfell. Die geouditeerde state van die 2026 boekjaar sal in Junie 2027 vir insae beskikbaar wees.

Baie dankie aan alle betrokkenes. Ek glo dat hierdie begroting tot voordeel van die Laerskool Brackenfell sal wees en dat elke leerder daaruit voordeel sal trek.

Die uwe

E.F. COETZEE
SKOOLHOOF